Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
AUGUSTUS 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

OVERSTRAND BETREE DIGITALE ERA

COLLAB CITIZEN APP LOOP NOU VLOT

'n Stywe leerkurwe ten spyt, kan Munisipaliteit Overstrand nou met trots aankondig dat sy Collab Citizen App amptelik vrygestel is.

Die vrystelling van die Collab Citizen App beteken dat gebruikers voortaan via 'n enkele selfoontoepassing hul diensversoeke kan aanteken en naspeur, op hoogte gehou kan word van verwikkelinge in hul onmiddellike omgewing, toegang tot noodnommers kan verkry en tydig verwittig kan word van enige diensonderbrekings.

Danksy verfynings, kan sakeondernemings boonop ook van die toepassing gebruik maak om spesifiek hul diensversoeke onder die munisipaliteit se aandag te bring. Ons is daarvan oortuig dat die spoedige en kostedoeltreffende manier waarop daar voortaan aandag aan diensversoeke geskenk kan word, grotendeels daartoe sal bydra om daardie onnodige rompslomp uit te skakel wat allerweë as 'n groot struikelblok vir ekonomiese ontwikkeling en groei beskou word.

Die selfoontoepassing is ten volle funksioneel vir Android- en iOs-toestelle.

Om die Collab Citizen App af te laai, gaan na jou foon se app-winkel (Google Play Store, iOs App Store of Huawei App Gallery) en soek vir Collab Citizen App.

As jy hulp nodig het om die toepassing af te laai of te gebruik, stuur gerus 'n e-pos na collabcitizenapp@overstrand.gov.za. Ons help graag.

Probeer dit ...

Collab Citizen App is beskikbaar vir aflaai vanaf jou toepassingswinkel

ELEKTRISITEITSTARIEWE

Só werk trapsgewys stygende bloktariewe

'n Stygende bloktarief geld vir alle huishoudings, ongeag of daar van 'n enkelfase- of driefase- residensiële aansluiting gebruik gemaak word. Dit beteken dat verskillende tariewe vir elektrisiteitseenhede gehef word ooreenkomstig 'n reeks "trapsgewys stygende blokke" gegrond op die hoeveelheid eenhede wat 'n huishouding in die loop van 'n kalendermaand koop.

Ter illustrasie, die eerste 350 eenhede wat in 'n kalendermaand gekoop word, kom neer op die eerste blok en word teen die laagste tarief (R2.0579 per eenheid) gehef.

Die oomblik wanneer jou elektrisiteitsverbruik egter die perk oorskry wat vir Blok 1 gestel is (d.w.s. 350 eenhede), beweeg jy outomaties aan na 'n duurder tarief per addisionele 250 eenhede verbruik soos bepaal vir Blok 2 (R3.0833) en, wanneer die perk vir daardie blok (600 eenhede) oorskry is, aan na Blok 3 (R3.8642 per addisionele 250 eenhede verbruik).

Beweging van een blok na die volgende is outomaties en hang uitsluitlik af van die hoeveelheid eenhede wat in 'n spesifieke kalendermaand gekoop word.

Aan die einde van die kalendermaand word jou geskiedenis teruggestel en sal jou verbruik vir die volgende maand weereens by Blok 1 begin.

Skakel oor na koopkrag en spaar

Kliënte wat van koopkragmeters gebruik maak, betaal 17c per eenheid minder as diegene wat kredietmeters gebruik.

Tydsberekening van aankope

Let daarop dat beweging van een blok na die volgende geensins geaffekteer word deur die aantal transaksies binne 'n maand nie. Met ander woorde, jy kan jou aankope oor veelvoudige transaksies versprei, of jy kan 'n eenmalige transaksie doen. Die voorbehoud is egter dat alle transaksies binne een kalendermaand moet geskied.

❖ *'n Bietjie raad vir diegene wat van koopkrag gebruik maak: Sorg dat jy slegs genoeg eenhede vir één maand aankoop. As jy in grootmaat aankoop, gaan jy op die ou end meer betaal.*

Deernishulp

Huishoudings wat vir deernishulp kwalifiseer, is geregtig op 50 gratis eenhede en kan tot soveel as 450 addisionele eenhede per maand teen 'n koste van R1 028.60 koop.

INSTALLASIE VAN ENERGIEBESPARENDE STRAATLIGTE

Die departement van minerale hulpbronne en energie het 'n projek van stapel gestuur om munisipale bedrywe se elektrisiteitsverbruik te verminder wat in hoofsaak die retropassing van straatligte, verkeersligte en ligte in geboue behels sodat energiebesparende toestelle geakkommodeer kan word.

Met hierdie doel voor oë, het Munisipaliteit Overstrand 'n toekenning van R3 miljoen vir die 2022/23-boekjaar ontvang wat hoofsaaklik aangewend sal word om sommige straatligte in Kleinmond, Hawston, Hermanus, Stanford en Gansbaai met energiebesparende LED-ligte te vervang.

Met LED-tegnologie is 'n besparing van tot soveel as 62% in energieverbruik moontlik, en deur tradisionele straatligte maar net in die Overstrand te vervang, beteken dat 'n allemintige 70 ton steenkool minder per jaar verbrand sal word.

Boonop is energiebesparende LED-straatligte baie helderder en vereis minder instandhouding.

Tot dusver is die retropassing van meer as agthonderd straatligte in Overstrand se munisipale gebied afgehandel.

KOEBAAI SLAKPOS

MUNISIPALE REKENINGE VOORTAAN SLEGS ELEKTRONIES GELEWER

Die onbetroubare en ongereelde aflewering van posstukke via die konvensionele posdiens het tot gevolg dat Overstrand geen ander keuse het as om hom tot elektroniese metodes te wend om belastingbetalers te verwittig van hul uitstaande saldo's en om gedetailleerde munisipale rekeninge te lewer nie.

Kortom kom dit daarop neer dat jou munisipale rekening voortaan nie meer gepos sal word nie en dat jy moet registreer om joune elektronies te ontvang.

Sou jy egter 'n gedrukte kopie verkies, besoek gerus die betaalkantoor in Gansbaai, Stanford, Hermanus of Kleinmond gedurende kantoorure om 'n gratis uitdruk te versoek.

STAP EEN: REGISTREER

Om seker te maak dat jy jou munisipale rekening/uitstaande saldo elektronies kan ontvang, moet jy sorg dat jou besonderhede op datum is en versoek om op Overstrand se databasis geregistreer te word. Jy kan dit doen deur óf by jou naaste munisipale kantoor om hulp aan te klop óf deur bloot 'n e-pos te stuur na enquiries@overstrand.gov.za waarin die volgende duidelik vermeld word:

- Jou rekeningnommer
- Jou volle naam
- Jou selfoonnommer
- Jou e-posadres

STAP TWEE: AKTIVEER

Sodra jy op Overstrand se databasis geregistreer het, moet jy daardie opsies aktiveer wat jou die beste pas. Dit word vermag deur 'n e-pos met duidelike vermelding van jou munisipale rekeningnommer te rig aan enquiries@overstrand.gov.za waarin jy versoek dat gedetailleerde munisipale rekeninge na jou e-posadres versend word en/of dat jy per SMS verwittig word van uitstaande saldo's.

❖ ***Neem kennis dat jy steeds verplig is om die gemiddelde berekende bedrag, soos aangetoon op jou maandelikse staat, te betaal ongeag op watter wyse die rekening gelewer word.***

DIE SYPAADJIE IS *NIE* 'N VULLISHOOP *NIE*!

Ons pleidooie dat almal hul deeltjie moet doen om te help om ons dorpe skoon te hou, het oënskynlik op dowe ore geval: Voorwaar 'n hartseersaak.

Dag na dag, kort na sonop, vaar 'n groot kontingent munisipale werkers die strate in om te sorg dat almal wat hier woon en werk begroet word deur strate en sypaadjies wat getuig van Munisipaliteit Overstrand se voorneme om 'n veilige en gesonde omgewing tot beswil van almal te handhaaf. Hoe tragies dat nadat hulle die hele dag ure en ure daaraan bestee het om ander mense se gemors op te ruim, hulle die volgende oggend maar net weer deur dieselfde vieslike prentjie begroet word: Die strate en sypaadjies is besaai met gemors, en die onwelriekende inhoud van swart sakke wat oornag uitgesit is, lê die wêreld vol.

Ja, ons is bewus van 'n klompie leeglêers wat hulle klaarblyklik glad nie aan gebruike rondom openbare higiëne steur nie. Wees gerus, hierdie sakie geniet dringende aandag.

Wat ons egter stom slaan is hoekom daardie mense wat oor die algemeen heel gemaklik by die samelewing inskakel en hulle andersins verantwoordelik gedra, besluit om hul koeldrankblikkies of wegneemete-verpakkings goedsmoeds in die straat of op die sypaadjie weg te smyt eerder as om gebruik te maak van een van die vele vullisdromme wat juis vir hierdie doel aangebring is.

Wanneer die gedagte volgende keer by jou opkom om jou polistireenhouer of koeldrankblikkie net daar weg te smyt, toon 'n bietjie respek teenoor diegene wat douvoordag moet opstaan om jou gemors op te ruim.

Gee net nog 'n tree of twee.
Daar is 'n vullisdrom reg voor jou.
Gooi dit daarin, asseblief.

PENSIOENARISSE MOET VÓÓR 30 SEPTEMBER AANSOEK DOEN VIR KORTINGS

Ingevolge Overstrand se Eiendomsbelastingbeleid moet aansoeke om kortings jaarliks teen einde-September afgehandel wees.

Aansoekers sal teen nie later nie as 31 Oktober 2023 van die uitslag verwittig word en, indien suksesvol, sal kortings terugwerkend vanaf Julie 2023 van krag wees.

Aansoekvorms vir kortings is beskikbaar op Overstrand se webwerf www.overstrand.gov.za. Klik op Documents en dan op Forms, of volg hierdie skakel: *https://www.overstrand.gov.za/en/documents/forms/rebate-application-forms-and-letters*

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za of kontak die afdeling finansies by jou naaste munisipale kantoor:

HERMANUS ADMINISTRASIE: 028 313 8027 / 028 313 8933 / 028 313 5060 / 028 313 8042 / 028 313 8912

GANSBAAI-/STANFORD ADMINISTRASIE: 028 384 8300 / 028 341 8500

KLEINMOND ADMINISTRASIE: 028 271 8400

VERMY ONNODIGE HOOFBREKENS:
Maak seker die regte rekeningnommer word gebruik

Gegewe die uiteenlopende aard van sy bedrywighede, maak Overstrand gebruik van verskeie bankrekeninge: Om geld in die verkeerde rekening te deponeer, kan groot konsternasie tot gevolg hê.

Kortom, ons maak gebruik van drie bankrekeninge: een vir eiendomsbelasting en diensgelde, een vir verkeersboetes, en een vir diverse inkomste.

Die volgende details geld vir al drie rekeninge:

NEDBANK

Rekeningnaam:	Munisipaliteit Overstrand
Tipe rekening:	Lopend
Takkode:	198765
Tak:	Inland Garden Route
SWIFT-kode:	NEDSZAJJ

NA GELANG VAN WAARVOOR DIE BETALING BESTEM IS, GEBRUIK EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE REKENINGNOMMERS:

- Rekeningnommer **1190136899** om **maandelikse munisipale rekeninge** te betaal
  - Gebruik jou 12-syfer- numeriese rekeningnommer as verwysing.
- Rekeningnommer **1190137186** om **verkeersboetes** te betaal
  - Gebruik die alfanumeriese nommer (10 tot 16 syfers) soos aangetoon op die boete as verwysing. Let daarop dat die "/" nie by die verwysingsnommer ingesluit moet word nie.
- Rekeningnommer **1190136678** vir **alle ander betalings** (bv. goedkeuring van bouplanne, nuwe water- en elektrisiteitsaansluitings, hernuwing van voertuiglisensies, gebruik van skeepshellings, ens.)
  - In gevalle soos hierdie moet 'n verwysingsnommer van die munisipaliteit verkry word alvorens enige gelde gedeponeer word.

❖ ***Ongeag die betalingsmetode (elektroniese oordrag, EASYPAY, PAY@ of by 'n deelnemende handelaar), maak altyd dubbelseker dat die korrekte verwysingsnommer ingepons/ingetik is voordat jy die transaksie afhandel.***

OPGRADERING VAN KOOPKRAGMETERS VERLOOP VOLGENS PLAN

Teen hierdie tyd is almal maar al te bewus daarvan dat die sagteware wat deur elektrisiteitsmeters gebruik word om voorafbetaalde koopbewyse te identifiseer, teen November 2024 opgegradeer moet word: As dit nie gedoen word nie, sal daardie koopbewyse nie meer herken word nie, wat groot konsternasie kan veroorsaak.

Gegewe hierdie knap keerdatum, het Overstrand reeds vroeg in November 2022 'n program van stapel gestuur om TID-sagteware op koopkragmeters oral in die munisipale gebied op te dateer en kan nou rapporteer dat 85% van daardie opgraderings suksesvol afgehandel is.

In die komende maande sal opgraderings onderneem word in Blompark (vir afhandeling in Augustus), gevolg deur De Kelders, Gansbaai en Perlemoenbaai in September/Oktober en Pearly Beach en Masakhane in November/Desember.

As jy jou meter voor die geskeduleerde datum wil opgradeer, rig gerus só 'n versoek via e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

OPGRADERING IS SO MAKLIK SOOS 1, 2, 3

Sodra jou area vir opdatering aan die beurt kom, sal jy twee ekstra kodes met 20-syfers ten tyde van jou eerste elektrisiteitsaankope vir die maand ontvang. Met ander woorde, daar sal drie kodes in totaal op die koopbewys wees: Die twee ekstra kodes plus die gebruiklike een.

Om die elektrisiteit te ontvang waarvoor jy betaal het, moet al drie kodes in volgorde ingevoer word.

Volg hierdie stappe om jou meter op te gradeer:

1. Voer die eerste 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
2. Voer die tweede 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
3. Voer die gewone 20-syfer-elektrisiteitskoopbewys in om die eenhede soos gebruiklik te herlaai.

As jy probleme ondervind met die opdatering van jou koopkragmeter, ons help graag. Bel gerus enige van die volgende nommers gedurende kantoorure:

✆ **HERMANUS ADMINISTRASIE: 028 313 8000 of 028 316 2630**
✆ **KLEINMOND ADMINISTRASIE: 028 271 8400**
✆ **GANSBAAI en STANFORD ADMINISTRASIE: 028 384 8358 of 028 384 8376**

❖ *Let daarop dat kliënte wat hul elektrisiteit regstreeks van Eskom aankoop (d.w.s. diegene in Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels, Fisherhaven, Vermont, Onrus, Hemel-en-Aarde en sekere areas tussen Die Damme en Hermanus) navrae rakende die opgradering van die sagteware op hul koopkragmeters ter voorbereiding vir die TID-oorrol direk aan Eskom moet rig.*